

## Beskrywing van eienskappe

Eienskap	EBV Indeks	Beskrywing / Meting	Doelwit	Algemene riglyne vir Teelwaarde Indekse						
				80	90	100	110	120		
<b>Kalfgroei (Direk)</b>	Geboorte gewig	Geboorte gewig (Geboorte direk)	Maklike kalwing	Swaar						Lig
	Speen gewig	Speengewig (Speen direk)	Swaar speenkalf	Lig						Swaar
<b>Moeder eienskappe (Maternaal)</b>	Geboorte mat.	Geboorte gewig van koei/dogters se kalwers	Maklike kalwing	Swaar						Lig
	Melk	Melkproduksie van koei/dogters (Speen maternaal)	Swaar speenkalf	Min						Baie
<b>Groei en Doeltreffendheid</b>	Na-speengewig	Kombinasie van 12- en 18mnde gewigte van bulle en verse	Bogemiddelde nasp. groei	Lig						Swaar
	Volwasse gewig	Kombinasie van volwasse gewigte tussen 2 en 5jr oud van koeie by speen van hulle kalwers	Gemiddelde grootte diere	Lig						Swaar
	GDT	Gemiddelde daaglikse toename soos gemeet in groeitoetse.	Goeie groei en aanpassing	Min						Baie
	Voeromset	100g Voer gevreet per g gewig toegeneem in groeitoets	Goeie omskakeling van voer na vleis	Swak						Goed
<b>Reproduksie</b>	Skrotumomtrek	Skrotumomtrek van bulle in naspeense groeitoetse (Bul vrugbaarheid)	Vrugbare bulle	Klein						Groot
	Ouderdom met eerste kalf	Ouderdom met eerste kalwing, asook hoe gou 'n vers binne kalfseisoen kalf (Versvrugbaarheid)	Vrugbare verse	Kalf laat						Kalf vroeg
	TKP	Kombinasie van eerste 3 Tussen Kalf Periodes van koeie (Koei vrugbaarheid)	Vrugbare koeie	Lang TKP						Kort TKP
<b>Raam</b>	Hoogte	Skouerhoogte van bulle in naspeense groeitoetse	Gemiddelde grootte diere	Laag						Hoog
	Lengte	Lengte tussen skouerknop en sitbene van bulle in groeitoetse	Effens langer vir meer vleis	Kort						Lank
<b>Karkas</b>	Uitslag%	Beraam vanaf eindgewig en ultrasoniese metings vir oogspier oppervlakte en vetdikte	Beter vleis tot been verhouding	Laag						Hoog
	Vleis	Beraam vanaf eindgewig en ultrasoniese metings vir oogspier oppervlakte en vetdikte	Meer vleis aan karkas	Min						Baie
	Marmering	Ultrasoniese meting van binnespiersvet	Sappige vleis	Min						Baie
<b>Seleksie Waardes (Rand)</b>	Groei waarde	Kombinasie van inname, groei en gewigs-eienskappe	Wingsgewende vleisproduksie	Verlies						Wins
	Koei waarde	Kombinasie van vrugbaarheid, kalfgemak, groei, melk en koeigrootte	Wingsgewende koeie	Verlies						Wins
	Produksie waarde	Kombinasie van Koeiwaarde (80%) en Groeiwaarde (20%)	Wingsgewende produksie	Verlies						Wins

### Let wel:

- Oor die algemeen is donker mees gewens, medium gewens en wit ongewens.
- Daar bestaan nie so iets soos 'n ideale dier vir alle omstandighede nie. Selfs al het 'n dier teelwaardes vir sekere eienskappe wat buite die spektrum van gewensheid lê, mag hy/sy oor teelwaardes vir ander eienskappe besit wat gewens is. Elke kudde se omstandighede is ook uniek. Dit word hoofsaaklik bepaal deur die fisiese omgewing en produksie-stelsel vereistes sowel as die huidige genetiese samestelling van die kudde (veral vroulike diere). Alhoewel die gewensde spektrum van teelwaardes dus in die tabel aangedui word, moet elke teler sy eie unieke situasie onder die loop neem en besluit watter dier meer geskik sal wees. In sekere gevalle kan diere buite die aangeduide spektrum ook oorweeg word, veral om moontlike tekorte reg te stel.
- Vir die eienskappe Geboorte gewig, Voeromset, Ouderdom 1<sup>e</sup> kalwing en Tussenkalfperiode, die kleinste EBVs die gewenste by seleksie op TEELWAARDES (EBVs), maar as die EBVindekse gebruik word, is die hoogste waardes meer gewens.

